**<u>29 Maart 2026</u>**

**<u>Oggend diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 92:1,4; Ps. 92:7; Ps. 25:2,6; Skr. 33:1,3; Ps. 145:1,3,5.

**<u>Lees:</u>** Heb. 10:1-18

**<u>Teks:</u>** Heb. 10:14

**<u>Tema:</u>** Deur die een offer van Christus ontvang ons vergifnis sodat ons geheilig in die nuwe verbond leef.

***Die gebrek van die ou offers***

In die brief aan die Hebreërs staan Christus as die vervulling van alles wat in die Ou Testament geopenbaar word Christus is nie net eer as Melgisedek en Moses nie, maar sy een offer beteken ook veel meer as al die offers wat in die Ou Testament gebring is. Die offers van die Ou testament het net heengewys na Christus toe en is ‘n skadubeeld van dit wat Hy kom doen het. Al die geslagte diere kon nie die mens se verhouding met die Here herstel, sodat ons weer in gemeenskap met Hom kan leef nie.

***Die volmaaktheid van die nuwe offer***

Aan die kruis op Golgota bring ons Here Jesus egter die een offer wat genoegsaam is om vir ons versoening te doen. Dit is alleen moontlik omdat Christus se offer volmaak is volgens die wil van die Vader. Hierdie volmaakte offer het nou al die offers en die feeste van die ou bedeling vervang. Alles wat na Christus heengewys het is nou nie meer nodig nie. Die ou bedeling waarin al die diere geoffer was kon nie aan die eis van volmaaktheid voldoen nie en moes daarom tot ‘n einde kom

***Die gevolg van die nuwe offer***

Dit wat die ou bedeling nie kon doen nie en wat Christus nou kom doen het, bring ‘n heerlike gevolg vir die kerk van die Here. Sy offer het die kinders van die Here heilig gemaak. Dit beteken dat ons nou op grond van Christus se een offer met ons Vader versoen is. Hierdie versoening met ons Vader het die verdere gevolg dat ons sonde vergewe is. Die offers van die testament kon nie die sonde vergewe nie. Vergifnis beteken hier nie net dat die Here die sonde vergeet nie maar dat dit in wese weggeneem is.